

Waar was jy?

Teks: Job 38: 1 - 38 & Sondag 9

Teksvers: Job 38: 4

1. Inleiding

Ons staan vanaand stil by ons belydenis in God drie-enig. En met hierdie intrap slag bely ons God die Vader. En daarmee saam primêr Sy rol as skepper van die heelal. Vraag 26 net soos Genesis 1 vat vir ons hierdie waarheid dat God die aarde uit niks skep nie saam. Maar in die skepping van die heelal moet daar tog sekerlik meer lê as wat in 'n hoofstuk of enkel vraag en antwoord saamgevat kan word. En ons as mens is geskape met intelligensie. In die beeld van God beskik ons oor baie meer vermoëns as waaroor die diere. Ongelukkig is die boosheid ook dikwels aanwesig in die mens.

En dan in sy nadenke begin die mens dink dat God verkeerd is of dalk verkeerd opgetree het. Die mens kom in opstand teen God. Een van die plekke waar ons dit duidelik sien is in die geskiedenis van Job. Job worstel met die Here in Sy swaarkry. Maar dan in die gedeelte waarin ons hoofstuk 38 aantref sien ons dat dinge draai. Die Here openbaar hom meer en meer aan Job. Maar in hierdie openbaring word die heerlijkheid en grootheid van die Here nie ingeboet nie. Nee dit is eerder Job wat moet leer dat hy nie magtig en uit 'n hoogte vir God kan opdrag gee nie.

Die Here begin deur 'n paar vrae aan Job te stel. Ons teksvers vandag vers 4 bestudeer een van hierdie belangrike Aand Preek

vrae: “Waar was jy toe Ek die fundamente van die aarde afgemeet het?” Waar was ons en die menslike geslag voor ons? Kan ons hierdie vraag van die Here antwoord? Ons wat so maklik teorieë maak oor die ontstaan van die heelal. Sal ons die Here kan antwoord as Hy hierdie vraag aan ons stel vandag?

2. Die skepping as 'n stuk mistiek vir ons.

Die skepping van die aarde is een van daardie ondewerpe wat maklik verskille tussen mense bring. Ons argumenteer en debatteer hieroor. Maar staan ons werklik terug en dink nugter. Sien, deel van die ingeskepe eienskappe van die mens is om oor sake soos hierdie te wonder. Ons as mense sien die skepping rondom ons en begin wonder. Was dit maar altyd so, en indien nie waar kom dit vandaan. Dan spring ons ewe trots regop met al ons akademiese vaardigheid en werk 'n model uit wat ons aan verskeie elemente om ons toets en aanvaar die vir die absolute waarheid. Oë ja en ons as gelowiges wil darem ook die rubber stempel van God se Woord daarop plaas. So hierdie model van ons moet darem ten minste raakpunte met die skrif hê.

Maar dit is juis hierdie gesindheid wat ons vanaand gaan bestudeer. Om iets werklik te bestudeer in sy fynste

besonderhede is nie maklik nie. Ons moet iets onder beheer bring en dan waarskynlik verskeie stukke gereedskap gebruik om dit te doen. Maar die belangriker eienskap om werklik iets te verstaan is dat ek op gelyke intellektuele vlak moet wees met die skepper of ontwerper daarvan. Ek moet die metodes en tegnieke verstaan. Daarby moet ek die prosesse verstaan anders bly dit maar 'n misterie vir my. Laastens moet ek of persoonlik waarneem wat gebeur het of staatmaak op 'n betroubare bron.

By die skepping van die aarde is 'n paar van hierdie probleme aanwesig. Eerstens was mens nie daar van die begin om dit waar te neem nie. Volgens alle bekende teorieë oor die skepping vandag, het die mens eers baie laat in wese gekom. Ook getrou aan die Bybel word die mens eers op die sesde dag geskape. Maar dit is nie die eintlik probleem vir ons argument vandag nie. Om werklik die fynste besonderhede van die skepping te verstaan moet die mens intellektueel op dieselfde vlak wees as die skepper. Dit is natuurlik wat gepoog word in ateïstiese evolusie. Die mens wil iets wat totaal onder sy verstand en begrip is gebruik om die aarde se skepping te beskryf. Die mense wil krities kyk na die proses en dit beoordeel. Maar kan ons as mens dit werklik doen? Veral as ons erken dat God almagtig geskep het? Net een vraag is nodig om ons totaal van al ons Aand Preek

selfversekerheid rondom die onderwerp van die skepping te stroop. Die vraag in ons teksvers. Waar was jy? Dit dwing ons om te erken dat die skepping vir ons 'n stuk mistiek sal bly.

3. Praat as jy die antwoord het.

Tog is die swaartepunt van ons teks nie regtig die ontstaan van die skepping nie. Nee ons is eintlik hier midde die worsteling tussen Job en die Here. En Job worstel nie oor die ontstaan van die skepping nie. Nee ons almal weet maar al te goed wat Job se worsteling is. Job worstel met die feit dat hy skynbaar niks verkeerd gedoen het, om hierdie straf van die Here op hom te haal nie. Hierdie worsteling van Job is dieselfde worsteling wat ons baie keer tee kom om ons. Elke keer as daar 'n tragedie om ons plaasvind, dan hoor ons "Waarom gebeur daar dan slegte dinge met goeie mense?"

Dan hoor ons vinnig hoe mense twyfel aan die regverdigheid van God. Dit is presies Job se vraag ook. Waarom hanteer God hom onregverdig. Sy drie vriende probeer Hom oortuig dat dit nie onregverdig is nie. Dat hy wat Job is iets verkeerd moes doen. Maar uiteindelik antwoord die Here homself in gedeelte wat ons skriflesing gevorm het. En die manier waarop God hom antwoord is vir ons belangrik. God kom nie met een groot verskoning nie. God

kom nie eers met 'n verduideliking oor die Satan in hoofstuk 1 nie. Volgens die Bybel weet Job nooit van die gebeure in die hemel in hoofstuk 1 van Job nie.

Nee, God kom met die groot vraag, waarom wil jy my bedoelinge dwarsboom. God vra vir Job waarom het jy my in die beskuldige bank geplaas. En waarom is jy krities besig om alles wat ek doen te af te breek. Sien ons as mense wil nie graag onself voor enige iets of iemand verneder nie. Ons wil eerder uit die hoogte uit krities oordeel. Selfs al is dit oor die wil van God. Maar weer eens verg dit net hierdie een klein vragie om ons te laat besef hoe klein en nietig ons in alles is. Waar was jy? Die Here vra waar was jy toe fundamente van die aarde gelê was?

5. Tog deur alles genade

Tog deur alles spreek hierdie hele teksgedeelte van genade. In lyn met die res van die skrif is die genade onbeskryflik groot. Ons sien dit al in die blote feit dat die Here bemoeienis maak met Job. Job wat eintlik homself swak gedra in hierdie opstandigheid teen die Here. Hierdie rebelse Job word in genade deur God aangesien. God kom en praat met Job. Dit sou heeltemal regverdig gewees het as die Here Job net vernietig het as straf vir sy opstandigheid.

Verder getuig die teksgedeelte van die wonderbaarlik van die skepping. Die skepping wat as 'n seën vir ons geskape is. Wat perfek deur God geskep is sodat ons hier kan woon en werk. Baie unieke besonderhede word verskaf wat die skepping vir ons voordelig maak. So byvoorbeeld sien ons in vers 15 hoe die dagbreek die werk van die goddelose stuit.

Maar steeds is daar meer seën, want God skep nie net hierdie perfekte habitat om ons liggaam te versorg nie. God kom maak ook bemoeienis met die mens. Die sonde het nie net die gebrokenheid van hierdie habitat veroorsaak nie. Die sonde het ook 'n geweldige grens tussen mens en God veroorsaak. Maar steeds maak God bemoeienis, soos hier met Job. Later stuur die Here sy eniggebore Seun Jesus Christus na die aarde om hierdie grens wat die sonde gestel het af te breek. Om ons te versoen met die Here. Sodat ons ook alles wat nodig is om ons siel te versorg ontvang.

Maar steeds is ons soms in moeilike en swaartye opstandig en kla dat dit nie voel of God vir ons omgee nie. Dit terwyl God natuurlik maklik vir ons kan vra: Waar was jy toe ek my eniggebore Seun moes offer vir jou verlossing. 'n Vraag wat ons in skande nooit sal kan antwoord nie.

6. Slot

Ons kan ten slotte sê dat hierdie drie woorde “Waar was jy” ’n mens met ’n diep verslaentheid laat. Soos Job kan ons nie aan antwoorde dink nie. Ons moet ons nederig voor die almag van God neerbuig. Ook veral as ons in moeilike tye probeer verstaan waarom slegte dinge met goeie mense gebeur. Ook dan moet steeds die Here prys soos ons sien in habakuk 3.

Hierdie diepe nederige afhanklikheid moet ook sigbaar wees wanneer ons die skepping ondersoek en bestudeer. Ons moet die skepping ondersoek en bestudeer dit is deel van ons ingeskape eienskappe. God het ons geskape om nuuskierig te ontdek. Ons is natuurlik ook verantwoordelik om na die skepping om te sien.

Tog eindig ons preek vanaand net soos die boek Job in ’n verwondering oor God se groot genade. ’n Besef wat ons altyd weer tot lofprysing bring. Ons kan nie anders as om God se Naam groot te maak en te eer en verheerlik nie. Selfs al verkeer ons in donker en moeilike tye. Want ons weet dat God ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik tot my beswil verander, omdat Hy dit as die almagtige God kan en as die getroue Vader wil doen.

Amen